LAERSKOOL UNIKA
ONS BOU

# inligtingsbrief

Abbotweg, Robindale, Randburg 2194, Privaatsak X6, Pinegowrie 2123
Tel: 011 888 4556, Faks: 011 888 1363 of 086 617 7651, unika@unika.co.za, www.unika.co.za

**19 Augustus 2019 / Nr. 26**

## 1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR

**Baie geluk aan <u>juffrou Jaunti Le Roux</u>** en haar man met die koms van hul nuwe babadogtertjie wat verlede week gebore is. Ons is saam met hulle bly en dankbaar dat sy fris en gesond is en ons wens hulle alle geluk en liefde toe!

Die **<u>toetsreeks</u>** beweeg al einde se kant toe en steeds moedig ons leerders aan om hard te leer en hul beste te lewer. Sterkte! Amper daar!


Ons kore het opgetree by die **<u>Weltevreden-Koorfees</u>** op Woensdag, 14 Aug. Dit was voorwaar ŉ voortreflike optrede en ons kan verseker trots wees op beide ons kore. Baie dankie aan juffrou Mariëtte Galjaard (seniorkoor) en me. Annemarie Kirsten (juniorkoor) vir hul harde werk en toewyding.

Aan al Unika se sportspanne wat verlede week deelgeneem het aan verskeie byeenkomste - welgedaan! Al het ons nie alles gewen nie, weet ons, ons het ons beste gelewer en dit steeds geniet. **<u>Baie sterkte</u>** vir die wedstryde wat die week voorlê. Hou Unika se naam hoog!

Graag herinner ons u aan die **<u>gemeenskapsprojek vir 4Paws</u>**. Indien u enige honde- of katkos, kombersies, speelgoed, sand ens. kan bydra, sal ons dit opreg waardeer. Ons wil graag help om hul las bietjie ligter te maak en glo ons kan ŉ verskil maak met u samewerking en goedhartigheid.

Die afgelope paar weke was verseker uitdagend in vele opsigte. Graag wil ek, as skoolhoof, en ook namens die beheerliggaam, baie dankie sê aan al ons leerders, ouers en veral die personeel vir jul groot passie en ondersteuning. Dit is belangrik dat ons onthou dat almal altyd een doel voor oë het en dit is om ons kinders veilig en gelukkig te hou, om te verseker dat akademie goed verloop en dat ŉ gebalanseerde lewensstyl gehandhaaf word. **<u>Nogmaals, baie dankie</u>!**

**<u>Baie dankie</u>** aan een van ons mammas wat so ŉ pragtige brief geskryf het wat dankie sê aan "Unika-engele" vir hul integriteit. Sulke positiewe terugvoer is ŉ riem onder die hart! Ons waardering is diep uit die hart uit. Dit is altyd lekker om positiewe nuus te ontvang.


A B C D E F G H I J K L M N O P Q R S T U V W X Y Z
Laerskool Unika bied aan:
My a b c
Kaartjies te koop op Quicket
R80 per persoon
30-31 Augustus 2019
Kom kyk hoe leer die Unika Gr. R'e die "a b c" aan!
A B C


JOIN OUR FITNESS TRIBE
WHEN MY BODY SHOUTS
STOP
MY MIND SCREAMS
NEVER
Why you'll love working out at Ignite:
• More classes than where you are now
• Abundance of workout equipment
• Free support from Workout Buddies
• Multiple studios under one roof
• The very latest premium equipment, in pristine condition
• Specialised classes offered in dance, ride and arena studios
• Functional training areas
• Premium change-room facilities
• Ever-changing, vibey workout environment
Republic Road
Malibongwe Drive
Ferndale on Republic
IGNITE
Ferndale on Republic
Cnr Republic and Malibongwe Drive, 2125
010 615 0824 | info.for@ignitefitness.com
IGNITE
SUMMER BODIES ARE MADE IN WINTER
WWW.IGNITEFITNESS.COM
IGNITE

